# Die Here wandel tussen ons rond!
**Donderdag 27 Januarie 2022**

**Gen 3:8** (1953 Afr Vert)

"En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy **wandel** in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin."

Wandel beteken om te loop. Nou ons kan nie hieronder verstaan dat die HERE God soos 'n mens in die tuin van Eden geloop het nie. Ons kan God tog nie ten volle begryp nie. Ons bely dat Hy is 'n Geestelike Wese onderskeie in drie Persone in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1.

Hoe moet ons dan verstaan dat die HERE God hier gewandel het en wandel Hy vandag nog tussen ons rond?

God het Adam en Eva geskape en hulle in die tuin van Eden laat woon. Alles was sekerlik goed en mooi soos God dit wou maak. Maar die Satan het vir Adam en Eva verlei om ongehoorsaam te wees. Die gevolg was dat hulle agtergekom het hulle is kaal en hulle het klere van vyeblare gemaak. 'n Skamele bedekking.

God is alwetende en alomteenwoordig, (NGB art 1) en dan lees ons het God in die aandwindjie in die tuin gewandel. Nie dat die mens God kon sien nie, want niemand kan God sien op aarde en bly lewe nie. Maar hulle het Sy Stem gehoor. Want dit is normaal dat die Skepper, God, kom sy Skepping besoek, trouens Hy het alles geskape tot sy eer en verheerliking.

Die feit dat God daar **gewandel** het dui op die persoonlike gemeenskap wat God met die mens het.

Maar as jy iets het om weg te steek,as jy skuldig voel, as jy skaam kry oor jou sonde, dan kruip jy weg voor God. Dan wil jy nie in God se teenwoordigheid wees nie, want jou gewete kla jou aan. Dit is wat Adam en Eva gedoen het.

God kom egter nie om te veroordeel nie, maar soekend. God wil dat daar erkenning en berou en bekering moet plaasvind. Daarom roep Hy na Adam en Eva. Sy **wandel** beteken dat Hy tussen hulle is en hulle opsoek.

God is ook elke dag by ons. Ook elke christen moet elke dag weet en erken en bely dat ons sondig is. Ook ons moet elke dag erken dat ons God nodig het. Nou kan ons voor God verskyn omdat met Jesus Christus kruisiging het die voorhangsel na die Allerheiligste geskeur sodat daar vir ons 'n vrye toegang na God is. vgl. Heb 10:19-26. Nou kan ons voor God **wandel** sonder 'n skuldige gewete, en as ons gewetens ons veroordeel, God is groter as ons gewete, Hy weet alles. 1 Joh 3:21-24.

Kom ons wandel dan in Jesus Christus se Naam, onder sy soenverdienste, en lewe tot eer van God!

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*